Kwartaallikse nuusbrief van die beheerliggaam

3/2016

Die beheerliggaam het op 13 Junie vergader en dit was wonderlik om ’n baie goeie verslag oor die tweede kwartaal te ontvang. Ons skool, leerders en opvoeders het pragtig presteer en ons is baie trots op elkeen.

Ons bring graag die volgende onder jou aandag:

Spelwoordekompetisie en sekuriteitskameras

Baie dankie aan almal wat weereens van hierdie projek ’n reuse sukses gemaak het. Ons het meer as R250 000 los gespel! Die opbrengs van vanjaar se projek word gebruik om die sekuriteit van die skool te verbeter en te begin om klaskamer meubels te vervang. Die sekuriteitskomitee het kliphard gewerk om die nodige spesifikasies en kwotasies vir sekuriteitskameras vir die skool in te win en 32 nuwe kameras word gedurende die skoolvakansie geïnstalleer. Ons vertrou dat ons almal hierby sal baat.

Finansies en oudit

Ons oudit vir 2015 is afgehandel en die skool het weer eens ’n skoon ouditverslag ontvang. Ons het ’n verlies van R235 000 vir die jaar gehad, maar dit kon deur die vorige jare se surplus gedek word. Die wisselwerking met die Fichie Klub 300 Trust vind baie effektief plaas tot voordeel van die skool. Die Trust het gedurende 2015 ‘n wesenlike finansiële bydrae aan die skool gemaak ten einde ons verlies tot R235 000 te beperk. Die statutêre vrystelling van skoolgeld en swak betaling van skoolgeld het baie toegeneem. Ons begroting vir 2016 is baie fyn gesny en die beheerliggaam het streng maatreëls in plek gestel om die aansoeke vir vrystelling te evalueer en invorderings meer effektief te hanteer. Ons reken dus op elke ouer om pligsgetrou die skoolgeld te betaal sodat ons die skool verantwoordelik en verantwoordbaar kan bestuur.

Dit bly ‘n reuse uitdaging om ‘n begroting vir ’n skool op te stel en dit ook daarvolgens te bestuur. Daar is weer sterk aanduidings dat die departement verder aan die postevoorsiening by skole gaan sny en elke opvoederpos wat deur beheerliggaam gevul moet word, beteken ’n ekstra 2.5% verhoging in skoolgeld. Dagboek solank ons begrotingsvergadering op 31 Oktober 2016 om eerstehands inligting rakende die verhoging van skoolgeld vir 2017 te kry.

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za

BTW registrasie vir die snoepie

Die skool se snoepie (die Leeubekkie) se omset het die afgelope paar jaar so toegeneem dat ons gedwing is om vir BTW te registreer. Ons is nou deur die hele proses en die snoepie hef vanaf die derde kwartaal BTW op alle produkte. Dit gaan ongelukkig ook beteken dat die pryse vir belasting aangepas moet word en ons sal dit so goed as moontlik bestuur.

Verkeer impakstudie

Die raadgewende ingenieurs, BSP, het hul studie voltooi en ook 'n eerste opvolg vergadering met ons komitee gehad. Verskeie voorstelle is op die tafel geplaas en verdere navorsing word nou gedoen voordat finale modelle aan die skool voorgelê kan word. BSP gaan onder andere navorsing doen oor die wetlike en finansiële aspekte van bv. lamppale en randstene wat verskuif moet word. Die hoofdoel van die proses is om 'n langtermyn oplossing vir die parkering tydens spitstye te verkry en ook om 'n veilige loop-spasie vir ons kinders daar te stel tydens op en aflaai periodes. Ons wil ook seker maak dat alle veranderinge bekostigbaar en veral binne wetgewing plaasvind.

Skooldrag 2017

Skooldrag met die nuwe skoolwapen is vanaf 2017 die enigste skoolklere wat toegelaat gaan word. Die drie jaar uitfaseringsperiode loop einde 2016 tot ’n einde en ouers word herinner om te begroot vir die nuwe skoolklere.

Die beheerliggaam het ook voorstelle oor wintersdrag ontvang en die klere-komitee het opdrag om alle opsies, bekostigbaarheid en beskikbaarheid te ondersoek. Ons moet verantwoordelike besluite in die verband neem en die status quo word tot dan gehandhaaf.

Strategiese beplanning

Ons hou op 2 en 3 September ’n strategiese beplanningsessie en gaan weer ’n vraelys na elke ouerhuis uitstuur. Ons het jou insette nodig om langtermynbeplanning vir die skool te kan doen. Die vraelyste sal vroeg volgende kwartaal uitgestuur word.

Die laaste skooldag van elke skoolkwartaal

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za

Die beheerliggaam het met kommer kennis geneem van die tendens dat ons kinders nie die laaste skooldag van die skoolkwartaal bywoon nie. Dit is steeds ’n amptelike skooldag en Mnr Kriel sal sorg dat dit ’n sinvolle, hoewel kort, skooldag vir ons leerders sal wees. Ons versoek ouers om die skool te ondersteun om 100% bywoning te hê.

Winterskoolvakansie

Die wintervakansie is gewoonlik ’n stiller tyd in die Vrystaat, self vir die wat nie met vakansie gaan nie. Gebruik hierdie tyd om as gesinne saam te kuier, verhoudings te versterk en in mekaar se lewens in te bou. Reis veilig indien julle die lang pad gaan aanpak!

Beheerliggaam groete

Jaco Deacon

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za